



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**NOVEMBER 2011**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:  

AFDELING A:	Leesbegrip	(30)
AFDELING B:	Opsomming	(10)
AFDELING C:	Taal	(30)
2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Trek 'n streep ná elke afdeling voltooi is.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP****VRAAG 1: ARTIKELS EN GRAFIESE TEKSTE**

Bestudeer die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**ARTIKEL**

# Word tegno-SM(S)lim

1 Die rympie wat jy in gr. 1 geleer het oor “links en regs kyk” voordat jy oor die pad stap, geld deesdae ook as jy veilig in die kuberruim wil bly, al dink jy jy en jou selfoon is onaantasbaar.

5 Omdat jy deesdae immers ’n boodskap vinniger oor die wêreld kan stuur as wat jy sê “Stuur”, is tieners soms onverskillig wanneer hulle tegnologie gebruik.

Maar om die skade te herstel wat daardie boodskap aanrig, om die skinderstorie stop te sit wat jy begin het, of om te keer dat die kaalfoto’s wat by die skool van iemand geneem is, vir jou ma aangestuur word, is nie heeltewel so maklik nie. Wat jy sien en lees, kan ook met jou kop mors.

10 By ’n seminar wat deur die Kindertraumakliniek in Pretoria aangebied is, het dr. Piet Streicher gesê tieners besef nie altyd watter gevare tegnologie alles inhou nie. Streicher is die besturende direkteur van BulkSMS en lewer gereeld praatjies by skole oor tegnologiese veiligheid.

15 “Almal het die geleentheid om enige inligting, foto’s, video’s en artikels wêreldwyd te publiseer,” sê hy. “Internetnavorsers sê daar is vandag meer maniere as ooit om ’n boodskap te stuur.” Omdat dit so maklik is om ’n boodskap te stuur en selfone deesdae soos ’n derde hand geword het, is dit noodsaaklik om ’n kopskuif oor selfoon-, Mxit- en internetveiligheid te maak.

20 Tieners was al in die sop omdat hulle te ver met tegnologie gegaan het of deur middel van tegnologie persoonlik benadeel is. Nuusblaaie dra gereeld brokkies oor sulke gevalle. Die gevaar bestaan dat tieners kwaadwillig verkeerde foto’s van mekaar deur middel van e-posboodskappe die land vol stuur. Soms verander tieners foto’s digitaal sodat dit ander mense ongelooflike skade berokken.

25 Wonder jy nog of dit nodig is dat jy eers links en dan regs in die kuberruim moet kyk voordat jy tegnologie gebruik?

[Verwerk uit: *JIP, Die Burger*, Maandag 12 Maart 2011]

- 1.1 Watter ooreenkoms is daar tussen die oorsteek van ’n pad en die stuur of ontvang van ’n sms? (1)
- 1.2 Skryf EEN VOLSIN in jou EIE woorde wat reël 9 beteken. (1)

- 1.3 Waarom is dit gepas dat hierdie praatjie juis by 'n kindertraumakliniek gehou word?
- 1.4 Beantwoord die volgende twee vrae: (1)
- 1.4.1 Stem jy saam met dr. Piet Streicher se stelling dat tieners nie besef watter gevare die tegnologie alles inhou nie? Motiveer jou antwoord. (2)
- 1.4.2 Herlees reël 10–13. Hoekom kan die leser dr. Piet Streicher se stelling glo? (1)
- 1.5 Is die volgende stelling 'n FEIT of MENING? Motiveer jou antwoord met EEN sin uit die teks.
- “... daar is vandag meer maniere as ooit om 'n boodskap te stuur.” (2)
- 1.6 Tieners kan glad nie meer vandag sonder hulle selfone klaarkom nie. Haal TWEE OPEENVOLGENDE woorde uit reël 14–18 aan om hierdie stelling te bewys. (1)
- 1.7 Skryf EEN WOORD uit reël 19–23 neer wat daarop dui dat tieners digitale foto's moedswillig verander. (1)
- 1.8 Wie is die spesifieke teikenleser vir wie hierdie artikel bedoel is? Motiveer jou antwoord na aanleiding van die teks. (2)

## KOERANTBERIG

## Suid-Afrikaners het swak higiëne, wys wêreldstudie

1 Goeie higiëne stem met goeie maniere ooreen. Suid-Afrikaners se higiëne is egter nie baie goed nie.

Dit is van die bevindings in 'n internasionale Dettol-gewoontestudie. Hierdie studie is deur die Globale Higiëneraad (GHR) uitgevoer.

5 Die navorsers het bevind: daar is 'n ooreenkoms tussen persoonlikheidstipes, goeie maniere en gesondheid. 'n Voorbeeld van goeie maniere, meen hulle, is om in 'n snesie te hoës of te nies, dit weg te gooi en dan jou hande te was. Dit help om aansteeklike siektes te voorkom.

10 Mense met pligsgetroue/betroubare en senuagtige/sensitiewe persoonlikheidstipes kry persentasiegewys minder verkoues en diarree, het die studie bevind. Opvoeding, ouderdom en ekonomiese status dra ook by tot goeie higiëne.

Ongeveer 54% van alle respondente het gesê hulle het goeie persoonlike higiëne (om vyf keer per dag hande met seep te was).

15 Veral tuisteskeppers is pligsgetrou as dit hierby kom (meer as 64%), terwyl studente hul reputasie vir verslonstheid gestand doen, met minder as 45% wat gereeld hul hande was.

Die studie het wel getoon dat die standaarde vir higiëne die laaste paar dekades afgeneem het, veral onder jongmense. Die inwoners van sommige ontwikkelende lande blyk egter skoner te wees as hul Westerse eweknieë.

20 Suid-Afrikaners, Maleisiërs en Chinese het die swakste higiëne, terwyl Brasilië die blinkste is.

In die algemeen is vroue (59,5%) meer geneig as mans (44,5%) om die seep nader te trek, terwyl dit nie in Suid-Afrika die geval is nie. Hier is albei geslagte ewe skoon – of dan nie?

[Verwerk uit: *Beeld*, Woensdag 15 Junie 2011]

1.9 Watter woord in die opskrif sluit by die woord *internasionale* (reël 3) aan? (1)

1.10 Watter afleiding kan jy oor Suid-Afrikaners se maniere uit reël 1–2 maak? (1)

1.11 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Haal 'n sin uit die leesstuk aan om jou antwoord te staaf.

Indien jy take pligsgetrou uitvoer, is jou kans minder om verkoue te kry. (2)

- 1.12 Wat is 'n *respondent* volgens reël 12 in die teks? (1)
- 1.13 Watter land het die skoonste inwoners? (1)
- 1.14 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die sin “In die algemeen is vroue meer geneig as mans om die seep nader te trek” (reël 22–23)? (2)


## GRAFIESE TEKSTE

## SUID-AFRIKA EN AUSTRALIË:


## KWALIFIKASIES VAN BEROEPSPORTLUI

- 1 Die SA Vereniging vir Beroepsportlui het in 'n steekproef van 97 van sy lidlande bevind dat Suid-Afrikaanse sportlui regtig swak voorbereid is vir 'n lewe ná hulle sportloopbane. Daarteenoor is hulle Australiese en Nieu-Seelandse eweknieë baie beter voorbereid.

**Grafiek 1:** Suid-Afrikaanse beroepspeleers se kwalifikasies in % uitgedruk:



**Grafiek 2:** Sportlui wat tans studeer of 'n kursus aan 'n sportinstituut, universiteit of ander instelling volg:



\* 79% van Australiese beroepspeleers beskik oor grade teen die tyd dat hulle uittree, maar 61% het grade verwerf vóórdat hulle beroepspeleers geword het.

- 12 Die vergelykende studie het aangetoon dat 74,5% van Suid-Afrika se sportlui bereid is om met geldelike ondersteuning verder te studeer. Die Australiese regering én hulle rugby-unie befonds opleidingsprogramme; Nieu-Seeland het in 2009 sy begroting vir die *Professional Development Programme* na N\$700 000 verhoog.

[Verwerk uit: *Beeld*, 3 Mei 2010]

- 1.15 In reël 10 word die woord *eweknieë* gebruik. In reël 1–6 word 'n woord gebruik wat in hierdie teks presies dieselfde betekenis as *eweknieë* het. Skryf dié woord neer. (1)
- 1.16 Bestudeer Grafiek 1. In watter kwalifikasie openbaar sportlui die minste belangstelling? (1)
- 1.17 Vergelyk Suid-Afrikaanse beroepspelers se graadkwalifikasies met dié van die Australiërs en skryf jou bevinding in EEN sin neer. (2)
- 1.18 Wat is die funksie van die asterisk by *Australië\** op Grafiek 2? (1)
- 1.19 Hoekom word daar in reël 13–15 net na Australië en Nieu-Seeland verwys en nie na Suid-Afrika ook nie? (1)
- 1.20 Watter enkele woord in reël 13–15 dui aan dat Nieu-Seeland reeds vóór 2009 sy sportlui finansiëel ondersteun het? (1)
- 1.21 Die verskillende lettertipes en -groottes van *Suid-Afrika* en *Australië* (in die opskrif van die teks) is opvallend. Is dit effektief gebruik? Motiveer jou antwoord. (2)
- 1.22 Wat is die doel met grafiese tekste? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2**

In die teks hieronder word SEWE TEGNIEKE genoem oor hoe 'n mens jou onderbewussyn kan herprogrammeer.

Som hierdie SEWE TEGNIEKE puntsgewys en in volsinne op.

Jou opsomming mag nie meer as 90 woorde wees nie.

Dui die aantal woorde wat jy gebruik het aan.

**BANG VIR SUKSES?**

Liezel Cuyler-Nichol, lewenstylgids, sê mense is bang om sukses te behaal. Maar as hulle leer om hulle onderbewussyn te herprogrammeer, kan hulle die vrees vir sukses doeltreffend oorkom. Moenie dat sukses jou angstig maak nie. Daarom is visualisering 'n doeltreffende tegniek vir die herprogrammering van die onderbewussyn. As jy byvoorbeeld gewig wil verloor, kry 'n paar foto's van jou 'maer tye' en plak dit iewers in die huis op. Maak twee keer per dag jou oë vir vyf minute toe en visualiseer hoe jou lyf gaan lyk nadat jy jou doelgewig bereik het.

'n Dagboek is 'n effektiewe hulpmiddel wat kan help om vrese in die onderbewussyn te bestuur. Liezel raai mense aan om daaglik in hulle dagboeke oor hulle vrese te skryf. Die skryfproses stimuleer chemiese reaksies wat voordelig is vir die herprogrammering van die onderbewussyn.

Nóg 'n wenresep is, volgens Liezel, om daaglik soveel as moontlik positiewe vrae oor jou vrese te formuleer. Dit help om jou onderbewussyn te stimuleer om vrese te verwerk. Vra byvoorbeeld: Wat kan ek doen wat vir my lekker sal wees terwyl ek gewig verloor?

Ek is gedissiplineerd en kán suksesvol gewig verloor, is een van die voorbeelde van positiewe selfspraak wat Liezel as 'n alternatief voorstel. Volgens haar moet hierdie wentegniek daaglik toegepas word, byvoorbeeld wanneer jy besig is om te bestuur of voor die stoof wanneer jy kosmaak.

Dit is moeilik om op eie houtjie jou onderbewussyn te herprogrammeer. Probeer daarom om jou met mense te omring wat in jou doelwitte deel en wat jou leiding kan gee. Sulke mentors kan op objektiewe wyse na jou luister en jou van positiewe raad bedien.

Alhoewel mense soms skepties hieroor is, help meditasie dikwels ook. Tydens meditasie raak jy van jou emosies bewus omdat jy dit onder oë neem. Die kern van meditasie is om jou in staat te stel om perspektief op jou vrese te kry.

Daar is ook nie verniet boeke van suksesvolle mense op die boekrakke nie. Volgens Liezel is dit baie goed om mense se suksesverhale te lees, want dit stel die onderbewussyn in staat om positief te reageer.

[Verwerk uit: *Vrouekeur*, 25 Februarie 2011]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

Lees die tekste hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**VRAAG 3****RESENSIE**

## Wenner se styl uniek

'n Resensie deur Karien de Waal

*Staan opsy* deur Madri Louwrens. Blouberg Uitgewers. Sagteband.\*

- 1 Om 17 jaar oud te wees, in Kaapstad te woon en die naam Katie Holmes te hê, is nie maklik nie. Want haar lewe is ver verwyder van haar naamgenoot in Hollywood en die rooi tapyt. Sy het 'n slegte geskiedenis met seuns (lang storie) en is uit die skool geskors en moet nou van voor af in 'n vreemde skool begin.
- 5 Boonop is sy aangeneem en sy word soms op die onmoontlikste tye vir belangrike "take" geroep. Maar die kaarte wat aan Katie uitgedeel is, is darem nie net sleg nie. Of altans, so probeer sy haarself troos.
- Madri Louwrens, skrywer van die fantasieverhaal, *Staan opsy*, wat ook in 2009 die Eeufeesprys vir Afrikaanse Jeugliteratuur gewen het, slaag met dié
- 10 jeugroman om fantasie, avontuur en aktuele kwessies in 'n aksiebelaaide boek te verweef wat die meeste ouer tieners sal meesleur. 'n Boek wat elke tiener gerus op sy boekrak kan hê.
- Dit vertel die verhaal van Katie wat saam met haar aanneem-ma en die geheimsinnige, maar beeldskone, Finn in 'n praghuis in Kampsbaai woon. Finn
- 15 het interessante karaktereienskappe en vaardighede. Hy kan tyd nog steeds laat stilstaan. Katie tree op as sy regterhand, sy "side kick". Wanneer 'n paar kinders van die omgewing verdwyn, moet dié twee ingryp.
- Dis juis hieroor dat Katie dink haar lewe sou makliker gewees het as sy eerder met vampiere deurmekaar was.
- 20 Louwrens het 'n unieke aanslag in haar skryfwerk. Die boek slaag daarin om tienerkwessies op 'n nuwe manier te belig. Veral hoërskoolmeisies sal deur Katie se anderse verhouding met Finn geboei word. Ook tienerseuns wat daarby verby kan kyk dat die hoofkarakter 'n meisie is, sal daarvan hou.

(\*Die naam van die verhaal, outeur en uitgewer is fiktief.)

[Verwerk vanaf <http://www.volksblad.com/Nuus/Wenner-se-styl-uniek-20110325>]

- 3.1 Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies:  
Karien de Waal is die (resensie) van dié roman. (1)
- 3.2 Skryf in die verlede tyd:  
*Sy probeer om haarself te troos.* (1)

3.3 Beantwoord beide vrae.

3.3.1 Watter woord word as oorredingstaal in die volgende sin gebruik?

*'n Boek wat elke tiener gerus op sy boekrak kan hê.* (1)

3.3.2 Motiveer die geslaagdheid van die woord wat jy by VRAAG 3.3.1 genoem het. (1)

3.4 Beantwoord beide vrae.

In die woordeboek word die volgende inligting aangaande *avontuur* (reël 10) gegee:

**a-von-tuur'** s.nw. (avonture) **1.** Vreemde lotgeval; onverwagte gebeurtenis: *Allerhande avonture beleef.* (Jou sussie) bly vanaand by jou tante; sy dink dis 'n groot avontuur om uit te slaap. (Lize Odendal) **2.** Die fortuin: Die rat van avontuur. [L. *adventura* op die punt om te gebeur] **avontuur:** ~ **film**, ~**gees**, ~**lus**, ~**lustig**.

[Uit: HAT, 2011, bl. 60]

3.4.1 Verdeel die woord *avontuurlustig* in lettergrepe. (1)

3.4.2 Wat is die Latynse betekenis van die woord *avontuur*? (1)

3.5 Verander die volgende sin in 'n vraagsin deur slegs die woorde in die sin te gebruik:

*"Finn het interessante karaktereienskappe en vaardighede."* (1)

3.6 Herskryf die volgende sin in die ontkennde vorm:

*Hy kan tyd nog steeds laat stilstaan.* (1)

3.7 Gebruik die woord *gevolglik* om EEN sin van die twee sinne hieronder te vorm:

*Louwrens het 'n unieke aanslag in haar skryfwerk.*  
*Die boek slaag daarin om tienerkwessies op 'n nuwe manier te belig.* (1)

3.8 Skryf in die aktief/bedrywende vorm:

*Hoërskoolmeisies sal deur Katie se anderse verhouding met Finn geboei word.* (1)


## STROKIE

Nuwe  
Valentynsvoëlsvan anderstg  
vere

Teks: Reta Smit

Strip: Daniël du Plessis

- 1 Ai, al die gevleulde woorde gebruik op Valentyn
- 2 is dikwels oppervlakkig, ene voorgee en skyn.




- 3 Soos rose se toedraaipapier of die bokse
- 4 van tjoklitharte;
- 5 so verbloem hulle die liefde se
- 6 moeilikheid en smarte.



- 7 Kom, laat die versvoëltjies eerder fluit
- 8 sodat mense hulle eerliker op die 14de
- 9 gebruik.



## Ná Breytenbach se rooiborsduif



- 10 Allerliefste, ek stuur vir jou 'n duif
- 11 want posgeld is te duur en digters is te arm.
- 12 My duif is die grys van vaal metaal,
- 13 niks spesiaal; waar hy vlieg, daar mis hy
- 14 wit vlekke soos flaterwater in liefdesbriewe.
- 15 Duiwe het parasiete en swamme,
- 16 jy kan ook by hulle kampulobakteriose optel.
- 17 So laat my duif eerder ver weg op 'n foondraad sit,
- 18 maar oggende jou wakker koer,
- 19 'n herinnering van my liefde
- 20 soos 'n alarm wat jy nie kan afsit nie.

## Ná Krog se kiewietjie




- 21 My flerriehartjie is gesteld
- 22 op dun rooi visnetbeentjies in die veld
- 23 met 'n hoë aansitterige roepstem
- 24 wat sny soos 'n saaglem.
- 25 Ek, nie jy, is die ene wat vlerkesleep
- 26 in 'n kommin outfit, so swart-grys-gestreep.
- 27 En durf jy my verwerp,
- 28 sal jy uitvind: my bekkie is skerp.

[Verwerk uit: *Rapport*, 6 Februarie 2011]

- 3.9 In reël 1–2 is een van die woorde verkeerd gespél. Skryf die woord korrek oor. (1)
- 3.10 Vervang die lidwoord/determineerder in die frase *die bokse* (reël 3) met 'n aanwysende woord wat in die konteks sal pas. (1)
- 3.11 Herskryf die volgende sin in die indirekte rede:  
*Die spreker sê: “Allerliefste, ek stuur vir jou ’n duif.”* (2)
- 3.12 Sê waarom *flaterwater* as 'n samestelling beskou kan word. (1)
- 3.13 Skryf die verkleiningsvorm van die woord tussen hakies.  
Die ou klein (herinnering) wat ek van jou het, is vir my kosbaar. (1)
- 3.14 Kies die KORREKTE deelwoord uit die keuses hieronder en skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer:  
In (vlieg) dae is duiwe gebruik om belangrike boodskappe te vervoer.  
A vlieënde  
B vliegende  
C vervliegde  
D vervloë (1)
- 3.15 *Vlerkesleep* (reël 25) is afgelei van die idioom “vlerksleep”. Gebruik hierdie idioom in 'n verklarende sin. (1)
- 3.16 Brei die ONDERWERP van die onderstaande sin met 'n BYVOEGLIKE BYSIN uit. Skryf die sin oor en onderstreep die byvoeglike bysin wat jy gebruik het.  
*My bekkie is skérp.* (1)
- 3.17 Gebruik die geïmpliseerde betekenis van “*My bekkie is skérp*” (reël 28) in 'n verklarende sin. (1)



## ADVERTENSIE




1 Laat die lied in jou hart ontsnap! Maak nie saak of jy tien of 'n honderd jaar oud is nie, enigeen kan inskryf. Daar's 'n troebadoer in elk van ons. Skryf gerus 'n Afrikaanse liedjie oor enigiets wat jou hartsnare roer en neem dit op 'n CD op\*. Jy moet 'n amateurliedjieskrywer\*\* wees.

5

10 Die beste liedjieskrywers ontmoet by ATKV-Buffelspoort van 22–27 November 2009 vir 'n ligteliedjiewerkskool onder leiding van Lize Beekman. By hierdie weeklange werkskool slyp die wenners hul vermoë om musiek te skryf en lirieke te ontwikkel.

15 Koste: R100 per inskrywing (net drie inskrywings per kandidaat)  
Sluitingsdatum: 22 September 2009

\* Jy hoef nie noodwendig self die liedjie op die CD te sing nie.  
\*\* Iemand wat nie sy brood en botter met liedjieskryf verdien nie.

  
ATKV

TROTS SUID-AFRIKAANS IN AFRIKAANS

Vir meer inligting besoek [www.atkvprojekte.co.za](http://www.atkvprojekte.co.za) of skakel 011 919 9000.

[Verwerk uit: *Taalgenoot*, Junie 2009]

- 3.18 Dink jy dat die lettertipe in die opskrif, *Skryf 'n lawwe liedjie*, gepas is? Motiveer jou antwoord. (2)
- 3.19 Verskaf 'n neutrale woord vir *lawwe* in die opskrif. (1)
- 3.20 Wat wil die kopieskrywer vir voornemende deelnemers met die volgende reël sê: "*Laat die lied in jou hart ontsnap!*" (reël 1)? (1)
- 3.21 Skryf die intensiewe vorm vir *oud* neer. (1)
- 3.22 Gebruik *roer* (reël 5) as 'n selfstandige naamwoord in 'n sin. (1)
- 3.23 Skryf die vergrotende trap vir *beste* neer. (1)
- 3.24 Skryf die afkorting vir *onder leiding van* neer. (1)
- 3.25 Vervang *lirieke* (reël 12) met 'n gepaste sinoniem. (1)
- 3.26 Kies die KORREKTE antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer:
- www* (wêreldwye web) in die webadres, [www.atkvprojekte.co.za](http://www.atkvprojekte.co.za), is 'n voorbeeld van ...
- A analogie.  
B kontaminasie.  
C klanknabootsing/onomatopee.  
D nuutskepping/neologisme. (1)

**TOTAAL AFDELING C: 30**  
**GROOTTOTAAL: 70**